Hoofstuk 96

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Verse 1 tot 5 was die eerste verse van die Koran wat geopenbaar was

1. Lees en neem kennis, met die Naam van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat alles geskape het: die makrokosmos, die hele Heelal.

2. Hy het die mens geskape as deel van die mikrokosmos, 'n samevatting van die makrokosmos, 'n klein-skaal weergawe van die groter, meer komplekse heelal, gevorm uit die embrio in sy primêre beginstadium, net na bevrugting van die vroulike eiersel deur die manlike sperm, wanneer dit soos gestolde bloed lyk. Daarna neem dit 'n vlesige vorm aan waaruit die hele struktuur van die liggaam gevorm word.

3. Mohammed, hierdie boodskap wat jy gehoor het moet jy nou weer vir ander gaan leer deur dit te verkondig en te verklaar. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is mees genadig en het nie dit alles geskape om selfsugtige redes nie, maar vanuit Sy oneindige genade, vrygewigheid en grootsheid,

4. het Hy die mens met opvoeding, kennis en geletterdheid die kroon van die skepping gemaak, deur middel van die geskrewe woord.

5. Allah het die mens deur sy hele lewe op verskeie maniere geleer wat hy nie geweet het nie: deur middel van sy intellek, omgewing, begrip, openbaring, inspirasie, instink en intuïsie. (K16:78)

Verse 6 tot 19 was eers veel later geopenbaar: na die Miraj waartydens die Aanbidding voorskriftelik geword het en Abu Jahl toe daarna die Profeet verhoed het om te Aanbid

6. Feit van die saak is dat die mens die beperkinge begin oorskry,

7. sodra hy homself as selfgenoegsaam en vry van enige behoefte beskou: solank as wat die mens ander mense nodig het, bly hy binne die reëls, maar net sodra as wat die mens begin dink dat hy niemand meer nodig het nie, ontwikkel hy die geneigdheid tot verkeerde optrede, tirannie en onderdrukking. Die mens raak beursie-trots en bedwelm deur sy leierskapmag.

8. Dit is egter so dat alle mense na hulle dood moet terugkeer na hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer om verslag te doen oor hulle goeie dade en hulle slegte dade en waar hulle met hul eie oë die nagevolge sal sien van hul arrogansie. Iemand wat dus dink dat hy niemand nodig het nie vergeet dat hy ten minste van Allah afhanklik is, al is dit dan ook nou net die dag as hy sterwe.

9. Het jy gesien hoe Abu Jahl die Profeet verbied het om te Aanbid en om voor Allah neer te kniel en hoe Abu Jahl hom gedreig het om sy nek af te trap as hy dit sou waag,

10. toe die dienskneg van Allah wou Aanbid en neerkniel voor Allah in die Moskee?

11. Sê my, indien die Profeet nie binne die Wil van Allah opgetree het nie,

12. of indien hy nie besig was om ander aan te moedig tot 'n toegewyde lewe nie, sou Abu Jahl hom steeds verbied het?

13. En sê my, wanneer Abu Jahl so deur sy optrede die boodskap van die Profeet rondom die geopenbaarde Wil van Allah rakende die Aanbidding verwerp en sy rug daarop draai,

14. weet hy dan nie dat Allah alle mense dophou, en dat Allah sien wat hy doen nie?

15. Nee, lyk My nie hy besef dit nie! As hy nie daarmee gaan ophou nie, sal Ons hom aan sy kuif gryp sodat hy heeltemal hulpeloos en verneder is en daaraan sleep...

16. ...daardie liegende, sondige kuif van hom.

17. Abu Jahl dreig jou mos met sy stam en sy ondersteuningsbasis, so, laat hy dan nou maar sy trawante byeenroep,

18. Ons sal die soldate van die Hel roep.

19. Nee! Mohammed moenie na hom luister en doen wat hy vir jou sê nie, wees jy maar net standvastig in jou Aanbidding, buig neer tot laag op die grond en kom nader.